**Titel:** Wie is in Beheer?
**Spreker:** Sias le Roux
**Datum:** 29 Augustus 2010
**Tyd:** 09:00

**Die gees van die wêreld**

**1 Korintiers 2:10-13**

10 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die
dieptes van God. 11 Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens
wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. 12 Ons het ewenwel
nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God
ons uit genade geskenk het. 13 Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer
nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.

**Die vrees van die wêreld**

**1 Johannes 4:16-19**

16 En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde
bly, bly in God, en God in hom. 17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid
kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. 18 Daar is geen vrees in die
liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat
vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad
het.

**Die vrees van:**

- Verwerping
- Mislukking
- Armoede
- Eensaamheid
- Mense
- Dood

**Die krag van "celebration"**

**Matteus 16:16-19**

16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. 17 Toe antwoord
Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar
nie, maar my Vader wat in die hemele is. 18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek
my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19 En Ek sal jou die sleutels
van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde
wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.